# STELLENBERG BYBELSKOOL

# DIE KLEIN PROFETE

## SESSIE 9

## HAGGAI



587 B.C. (SEE 2 KINGS 24-25)
BABYLON'S COMING! DESTRUCTION! EXILE!
HEBREW PROPHETS
...BUT THERE'S HOPE!
NEW JERUSALEM
HAGGAI
THE CHALLENGE OF HAGGAI
• OUR CHOICES MATTER.
• THE OBEDIENCE OF GOD'S PEOPLE IS PART OF HOW GOD WORKS IN THE WORLD.
• THIS SHOULD MOTIVATE HUMILITY & ACTION.
created by the Bible Project
BABYLON PERSIA
520 B.C. (SEVENTY YEARS LATER)
JOSHUA (high priest)
ZERUBBABEL (from the line of David)
SEE EZRA ch.1-6
THE FUTURE SEEMS BRIGHT...
...BUT NOT FROM HAGGAI'S POINT OF VIEW!
1:1-15 ACCUSATION & RESPONSE
AUGUST 520 B.C.
IT'S NOT TIME TO REBUILD THE TEMPLE! (1:2)
ARE YOUR HOUSES MORE IMPORTANT THAN YOUR ALLEGIANCE TO GOD? (1:4)
THE TEMPLE
THIS IS COVENANT REBELLION! SEE DEUTERONOMY 28:22-40
JOSHUA & ZERUBBABEL
THE PEOPLE SET TO WORK (SEE EZRA 5:1-2)
2:1-9 ADDRESSING SHATTERED EXPECTATIONS
ONE MONTH LATER
ELDERS WHO REMEMBER SOLOMON'S TEMPLE
REMEMBER THE PROMISE OF GOD'S FUTURE KINGDOM!
NEW JERUSALEM
NEW TEMPLE
THE NATIONS JOIN GOD'S KINGDOM (SEE ISAIAH 9 & 60-62, MICAH 4-5)
2:10-19 CALL TO COVENANT FAITHFULNESS
TWO MONTHS LATER
A CONVERSATION ABOUT RITUAL PURITY (REMEMBER LEVITICUS)
THIS GUY'S RITUALLY IMPURE FROM TOUCHING A DEAD BODY...
...IS THE FOOD IMPURE TOO?
YES!
THAT'S WHAT THESE PEOPLE ARE LIKE:
IMPURITY = INJUSTICE, APATHY
IMPURE!
(SEE DEUTERONOMY 30)
OBEDIENCE → BLESSING
UNFAITHFULNESS → RUIN
THE WILDERNESS GENERATION
THE EXILED GENERATION
MOSES
HAGGAI
ONLY TRUE REPENTANCE & COVENANT FAITHFULNESS
WILL LEAD TO...
THE COMING OF GOD'S KINGDOM & BLESSING
2:20-23 FUTURE HOPE OF GOD'S KINGDOM
THAT SAME DAY
ESTABLISHMENT of MESSIANIC KING (ZERUBBABEL?)
DEFEAT EVIL AMONG the NATIONS
NATIONS
ARGH!
NEW JERUSALEM
WILL HAGGAI'S GENERATION EXPERIENCE THE FULFILMENT OF THESE PROMISES? IS ZERUBBABEL THE MESSIAH?......
KEEP READING!

**SESSIE 9**

**DIE KLEIN PROFETE**

**HAGGAI**




Haggai, Sagaria en Maleagi bring ons by die laaste tyd periode wat in die Ou Testament beskryf word en waarvan Esra en Nehemia die basiese storielyn aandui. Dit sal jou baie baat om die twee boeke ter agtergrond van Haggai, Sagaria en Maleagi te lees. Die storielyn haak aan by die laaste hoofstukke in 2 Konings (24-25) toe die Neo-Babiloniese koning, Nebukadneser die tempel in Jerusalem vernietig het en die bevolking in 586 vC in ballingskap na Babel wegvoer is. Om moontlike toekomstige opstande te vermy is die ekonomies aktiewe deel van die bevolking weggevoer, terwyl die res van Jerusalem se inwoners in armoede agtergelaat is. Die gebeure kan ook in Jeremia 26-28 gevolg word. So kom die Suidelike koninkryk van Juda, net soos die Noordelike koninkryk Israel, tot sy einde. Die droom van Dawid se eertydse koninkryk lê aan skerwe. Die profetiese woorde wat in 1 Samuel 8 resoneer, het oor vier honderd jaar uitgespeel in die korrupsie van Israel en Juda se koninkryke.

Die tempel in Jerusalem was vir baie lank die sentrum van die volk se godsdienstige lewe. Hier het God self gebly en die godsdienstige rituele daarom het prakties aan die volk se lewe rigting en betekenis gegee. Die vernietiging van die tempel in 586 vC en die volk se ballingskap het die volk letterlik Godverlate gelaat. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die ontnugterde stemme van die ballinge in die Bybel boek Klaagliedere lees. Dan gebeur iets onverwags en radikaal. Die profeet Jeremia stuur vanuit Jerusalem ‘n brief aan die ballinge met die volgende boodskap (neem tyd en lees die hele brief in Jeremia 29:

"Bou vir julle huise [in Babel] en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word en nie min nie. Bevorder die belange van die stad [Babel] waarheen ek julle in ballingskap weggevoer het"

Jeremia 29:5-7




**THE BABYLONIAN CAPTIVITY.** The Babylonian captivity or Babylonian exile is the period in Jewish history during which a number of people from the ancient Kingdom of Judah were captives in Babylon, the capital of the Neo-Babylonian Empire. After the Battle of Carchemish in 605 BCE, King Nebuchadnezzar of Babylon besieged Jerusalem, resulting in tribute being paid by King Jehoiakim. Jehoiakim refused to pay tribute in Nebuchadnezzar's fourth year, which led to another siege in Nebuchadnezzar's seventh year, culminating with the death of Jehoiakim and the exile to Babylonia of King Jeconiah, his court and many others; Jeconiah's successor Zedekiah and others were exiled in Nebuchadnezzar's 18th year; a later deportation occurred in Nebuchadnezzar's 23rd year. The dates, numbers of deportations, and numbers of deportees given in the biblical accounts vary. These deportations are dated to 597 BCE for the first, with others dated at 587/586 BCE, and 582/581 BCE respectively. After the fall of Babylon to the Persian king Cyrus the Great in 539 BCE, exiled Judeans were permitted to return to Judah. According to the biblical book of

Ezra, construction of the Second Temple in Jerusalem began around 537 BCE. All these events are considered significant in Jewish history and culture, and had a far-reaching impact on the development of Judaism.

Tydens die periode van ballingskap (586-539 vC) het die volk se godsdiens ‘n radikale transformasie ondergaan. In die afwesigheid van die tempel, offers, feeste en ander rituele wat deur die priesters gelei is het ‘n nuwe manier van godsdiens beoefening gevestig geraak.

- Die lees van die Torah (eerste vyf boeke van die Ou Testament om te wel die Pentateug) en die nakom van die 613 beginsels wat in die Wet van Moses beskryf was, waaronder die viering van die Sabbat, het op die voorgrond gestaan.
- In die plek van die tempel het gelowiges nou in Joodse sinagoges bymekaargekom. Daar word na hierdie tydperk as die begin van Judaïsme verwys.
- In hierdie periode is ou godsdienstige geskrifte weer gelees, herinterpreteer en herskryf. Dit het Jode gehelp met insigte rakende hulle huidige omstandighede en was ‘n poging om hulle te help om met geloof die toekoms in te gaan. Dit is veral belangrik om te besef dat die Klein Profete se boodskappe wat oorspronklik aan Israel (Noordelike koninkryk) gerig was ook in hierdie tyd geredigeer is en op die vernietiging van die Suidelike koninkryk van toepassing gemaak is.

In 539 vC skuif die magsbasis weereens in die Ou Nabye Ooste as die Neo-Babiloniese ryk deur die Indo-Indiese Persiese ryk van koning Kores verower word. Dit het skielik die lot van die ballinge in Babel verander. Lees in Esra 1-5 hoe koning Kores nie net die ballinge na Jerusalem toe terugstuur nie, maar ook die nodige reëls tref om hulle tempel te herbou. Twee groot uitdagings het egter gewag:

- Eerstens wou nie al die ballinge in Babel na Jerusalem toe terugkeer nie. Die lewe in Babel was te lekker en die vooruitsig om weer in Jerusalem van voor te begin te groot.

- Tweedens, het daar in die tyd van die ballingskap ‘n verdeeldheid gekom tussen die mense wat in Jerusalem in armoede moes agterbly en die ballinge wat teruggekeer het. Die Samaritane is byvoorbeeld nie toegelaat om behulpsaam te wees in die herbou van die tempel nie.

Die nuwe omstandighede het allerhande vrae onder ‘n nuwe generasie gelowiges laat ontstaan: Wat het van die beloofde koninkryk van God en die koms van die Messias geword? Is dit nou op die punt om in hulle hede te realiseer? Dit is die omstandighede waarin Haggai, Sagaria en Obadja se profesie gelees en verstaan moet word.




Die Bybel boek Haggai is ongeveer twee dekades na die ballinge na Jerusalem teruggekeer het geskryf. Die terugkeer na Jerusalem was nie so rooskleurig soos wat aanvanklik gedink is nie en hulle moes verskeie praktiese probleme hanteer. In die Bybel boek Esra lees hoe die ballinge na Jerusalem terugkeer onder leiding van Serrubabel (goewerneur) en Jesua (hoë priester) begin om die tempel te herbou. In Nehemia word ook die stadsmure herbou.

**Haggai se boodskap**

Haggai bestaan uit 'n reeks van vyf toesprake wat die profeet tussen 29 Augustus 520 vC en 18 Desember 520 vC in Jerusalem gelewer het.

Toespraak 1.
29 Augustus 520 vC. Oproep tot die herbou van die tempel (1:1-14).

Toespraak 2.
21 September 520 vC. Heilstyd wat gaan aanbreek (1:15, 2:15-19).

Toespraak 3.
17 Oktober 520 vC. 'n Trooswoord (2:1-4)

Toespraak 4.
18 Desember 520 vC. Buitelandse groepe en herbou van tempel (2:10-14).

Toespraak 5.
18 Desember 520 vC. Belofte aan Serrubabel (2:20-23).

Kyk na die video oor die uitleg van Haggai.


- 'n Nuwe generasie gelowiges word aangemoedig om deel te neem om die tempel in Jerusalem te herbou. Dit blyk dat hulle baie traag was om dit te doen omdat hulle eerder belangstel het om hulle eie huise (lewe) te herbou (Haggai 1:9).
- Die profeet skep die verwagting dat God se koninkryk na al die eeue nou op die punt is om te realiseer. Die verwagting word uitgespreek dat Serubabbel die gekose Messias is waarop so lank gewag is.
- Hoe gaan hierdie nuwe hede uitspeel? Die antwoord kom in die volgende twee profete boeke wat ons gaan lees, naamlik Sagaria en Maleagi.

## 1. Die Tabernakel





## 2. Die eerte tempel (Salomo se tempel – 957 vC)

Solomon's temple. The colonnaded outer courtyard held an enormous altar for burnt offerings and a large cast metal basin, or Sea, that was supported by 12 metal bulls



## 3. Die tweede tempel word herbou na die ballingskap in 539 vC



3. **Die tweede tempel word herbou na die ballingskap in 539 vC**

**Die tweede tempel word vergroot in die tyd van koning Herodes**

